Navorsingstudie – Waterverbruikersverenigings Weskus Opkomende Boere Forums Toespraak

Goeiedag / >>>>>>>>>>>>>> / Dames en Here

Ons vorm deel van die agtergestelde gemeenskappe in die Weskus, DMA, Matzikama en Cederberg streke.

Ons is deel van die studie wat gedoen was deur SPP aangaande die opkomende boere se waterregte.

Die studie het getoon dat daar nog baie uitdagings is, en werk gedoen moet word om die agtergesteldegemeenskappe meer bewus te maak wat hulle regte in water is, en hoe dit toegpas moet word.

In samewerking met SPP en ander rolspelers - was daar ‘n positiewe reaksie vanaf waterwese / IWRM Water vir Groei en Ontwikkeling – om geleenthede te skep vir opkomende boere, deur middle van kapasiteitsbou programme in plek te sit om hulle op te lei in die waterwet, wat dit is en hoe dit toegepas moet word, om sodoende transformasie te weeg te bring.

Waterwese / IWRM Water vir Groei en Ontwikkeling bied ook ‘n program vir bemagtiging, geslagsgelykheid en armoede verligting, en nog baie meer geleenthede vir agtergestelde gemeenskappe.

Dit maak deel uit van die geintegreerde water hulpbronsbestuur projek.

Deur middle van die program is die opkomendeboere ook deel van die DWAF / IWRM projekmoniteeringsgroep wat die funksies en die vordering van die waterverwante instansies gereeld moniteer en evalueer.

Dit is ook ‘n platform wat geskep is en waarvan opkomende boere deel uit maak om alle belanghebende rolspelers te betrek vir samewerking, om transformasie in die landelike gebied te weeg te bring.

Die platform het verseker dat opkomende boere forums betrek word en teenwoordiging toeglaat word op alle waterverbruikersverenigings.

Om daar te dien en seker te maak dat die opkomendeboere kwessies in die water sektor aangespreek word.

Baie van die kwessies is al reeds opgelos.

Daar is nog uitdagings wat aandag nodig het, of wat opkomendeboere nog ondervind by seker waterverbruikersverenigings.

Opkomende boere voel nog steeds bedreig deur middle van die feit dat hulle ervaring is dat wit kommersiele boere nog steeds die waterverbruikersverenigings domineer. Daar word nog steeds deur sommige waterverbruikersverenigings gestrewe na geslagsgelykheid.

Alhoewel die Departement Waterwese en ander rolspelers tesame met die opkomende boere forums besig is om dit te addresseer, doen die opkomende boere ‘n beroep op alle regeringsorganisasies om te verseker dat dit regestel en gemoniteer is.

Die Forums is bereid om nou saamtewerk met enige staatsdepartemente wat hierdie doelwitte vir konstruktiewe en regsgebaseerde gemeenskapsontwikkeling na streef.

Baie dankie.